van die eerste opstanding. Ons innige simpatie gaan uit met die bloedverwante.

Vier jaar terug toe ons laaste sessie geopen is, het die president ons aandag gevestig op die "Ernstige en onseker tyd" wat daar toe was, ook die uur van "Ernstige Behoeft" wat die kerk bereik het. Die tussen-tydperk van toe af het sake baie verander. Die wêreld se besondere probleem van toe het na mate verbygegaan, maar vervang geword deur iets baie meer ernstigs. Die wolke van depressie is vervang deur dreigende oorlog. Die depressie van drie jaar terug is grootliks verlig deur die geweldige bewapening van nasies, die reuse koste vir groter magte en vlote. Die beskaafde wêreld is vandag 'n gewapende kamp. Hierdie toestand sal eendelig lei tot 'n groter depressie, as die wêreld ooit die verwagte bloedbad sou oorleef.

Die Volkebond waarop die menslike hoop gevestig was, het herhaaldelik misluk, en ons vind 'n gees van wantroue en uiterste haat onder die volke van die wêreld, 'n ernstiger toestand as vier jaar gelede. Te midde hiervan vind Gods kinders baie rede om verheuging deur die vervulling van profesie en die naderende einde.

God's Sorg vir Sy Werk

Onder dit alles het die Here in liefde vir Sy werk gesorg. Seëninge, beide geestelik en tydelik, is oor ons gestort, en voorspoed in die vooruitgang van die werk. Ons dank die Here vir al die seëninge, daar dit alleenlik deur Sy hulp is wat alles gedaan is.

Veranderinge

Altemit is daar in geen ander periode so baie veranderinge gemaak as in die teenwoordige nie. Nie 'n konferensie-president, Unie of lokaal, nie 'n sending superintendent, onderwyser of departementele sekretaris, behalwe ons mediese sekretaris wat nou die posisie beklee, is aangestel gedurende die laaste twee jaar nie. Die meeste is aangestel in 1936. Al die veranderinge was genoodsaak deur finansiële toestand en werkers groep deur ander velde.

In die eerste instansie moes die S. A. Unie Leraar Wilson toestaan om die beroep aan te neem na die Suid Asië Divisie. Leraar Wilson had die vertroue van ons almal en sy goeie raad was baie waardeer. Finansiële toestand het genoodsaak die amalgamasie van sekere departemente in ons Unie, gevolglik was Leraars Staples en Clifford versoek om weer evangelie-werk op te neem. Sinds die tyd het Leraar Clifford vereniging met ons Buurtsendingdepartement. Leraar Hanson was groep as prinsipaal van Spioenkop en sy plek is gevul in die departement van Opvoeding deur Broeder W. T. Hodgson. Die departement was vir byna twee jaar sonder 'n sekretaris. Die beroep deur die Wêreldkonferensie dat

Broeder Vixie homself verbind met die Noord Europese Divisie was ons 'n groot verlies. Die verlies van so baie werkers van ons veld word nie so maklik gevul as wat ander velde dit reg kry om ons werkers te beweeg om diens in hulle veld op te neem nie. 'n Saak waaraan ons ons besonder aandag moet verleen gedurende die sessie is die opbouing deur werkers van ondervinding veral in ons evangeliewerk.

Veranderinge in Plaaslike Veld Organisasie

Met die laaste sessie is die Kaap en N. T. Konferensie amalgameer. 'n Paar maande vantevore is die twee sendingvelde verenig. Beide besluite was genoodsaak deur finansiële toestand, en die konferensies se verlange om fondse te stort vir redding van ons sendingvelde.

Na 'n drie-jaar toets was dit gevoel dat 'n verdere amalgameer onnodig was. Gevolglik was daar in Port Elizabeth verlede jaar die ontbinding gedaan van die S. A. Konferensie en die S. A. Sendingveld. Die grense van elke veld is min of meer dieselfde soos voorheen.

Nog voor die verdeling was Leraar L. L. Moffitt, wat die Kaapse Konferensie en die saamgestelde S. A. Konferensie so getrou gedien het, groep om die Sabbatskool en die Sending Vrywilligersdepartemente van die Divisie waar te neem. Leraar Ingle het sy plek geneem, en met die verdeling weer na twee konferensies het hy die president geword van die Natal-Transvaal Konferensie, en Leraar Hurlow van die Kaap Konferensie.

Met die verdeling van die S. A. Sendingveld het 'n beroep gekom van die Sambesie Unie vir Leraar Campbell as superintendent van die Suid-Rhodesiese Veld. Ons was jammer om Broeder en Suster Campbell te verloor na so vele jare diens in ons midde. Leraar L. S. Billes was aangestel as superintendent van die nuwe Noord Bantu Sendingveld en Leraar Stevenson as superintendent van die Suid Bantu Sendingveld.

Ledetal

Gedurende die vier-jaar tydperk is 1,843 persone gedoop. Die verwagting was dat die amalgameer van die twee konferensies sou lei tot groter evangelisasie, maar dit het nie so uitgewerk nie, moontlik deurdat sommige van die geëfende evangeliste departementele werk moes opneem, en ook omdat, wat gespaar was, deur die amalgameer daarvan, moes gaan na die sendingveld.

Ons ledetal vier jaar terug was 4,159. Vandag is dit 5,254, 'n vermeerdering van 1,095. Gedurende die sessie behoort ernstige studie gegee te word aan die beste wyse om ons gewonne winste te behou.

Tiende

Tiendes vir die vier jaar tydperk was £65794-0-1 in vergelyking met £51,573-13-6 vir die vorige tydperk, 'n vermeerdering van £14,215-6-7 of 28%.

Sending Offerande

Die offerande vir sending werk vir die laaste vier jaar is £42,219-11-1 in vergelyking met £37,912-3-0 vir die vorige tydperk, 'n vermeerdering van £4,307-8-1 of weinig meer as 11%. Terwyl beide periodes 'n deel uitmaak van die depressie tydperk gee dit ons dus nie 'n goeie idee van ons vooruitgang nie.

Ongelukkig het die vergelyking van sending offerande met tiende geval van 73% in die vorige tydperk tot 64% vir die tydperk onder hersiening. Waarskynlik met die vermeerdering van ons nuwe lede was die hydrae aan ons sendingwerk nie so gunstig as aan tiendes nie.

In vergelyking met hierdie en ander Uniekonferensies toon die statistieke van die Wêreldkonferensie, dat vir die eerste tien maande van 1936 die S. A. Unie al die uniekonferensies in die wêreld voor was sover as die offerande per persoon uitgewerk het. Die naaste aan ons is die Atlantiese Unie.

Oesinsameling

'n Interessante deel van ons sending offerande is die vooruitgang van ons Oesinsamelingswerk. Sukses het ons pogings gekroon vir die vergroting van fondse. Ons lede het getrou bygestaan. Ons werkers het ook baie tyd bestee aan kollekteer. Elke jaar gedurende die laaste vier jaar het die S. A. Unie die doel oortref van die hele Divisie. In 1936 met 'n Divisie doel van £5,100 was die bedrag ontvang deur die S. A. Unie £7,355-12-11, verder bewys van die getroue pogings van werkers en lede. Die S. A. Unie per kapita het die van Amerika en Kanada verdubbel vir die jaar 1936 in Oesinsameling. 'n Groot deel van ons Oesinsamelingsfondse skyn te kom van ons eie lede, hoewel aan die ander kant daar ons lede nou meer mag verdien dan gedurende die depressie, mag die tiendes dit toon, terwyl die uitwerking op sendingofferande nie 'n juiste deel van een se inkomste wys nie.

Departementeel

Met die baie veranderinge in die leierskap van ons departemente kan verwag word dat die vooruitsig, wat verlang sou word, nie gemaak kan word nie. In die geval van onderwys was dit veral opmerklik, daar die Unie Onderwys Departement vir die helfte van die jaar sonder 'n sekretaris was. Nogtans is vordering gemaak. Die kolporteurwerk in die sendingveld is versterk deur die aanstelling van blanke werkers, wat hulle volle tyd bestee in die opbou van die werk. Sinds Broeder Vixie ons verlaat het is die Unie nog sonder 'n Veld Sendingsektaris. Ons waardeer die hulp verleen deur Broeder F. E. Potter, sekretaris van die Divisie vir hierdie departement.

Spioenkop Sendinginrigting

Toe Leraar Wilson sy rapport met die laaste sessie gegee het, het hy die aandag bepaal by die besluit om die Naturelle Opleidingskool te verplaas na 'n ander sendingstasie. Hy het die rede genoem waarom die komitee tot die besluit gekom het.

As gevolg van besparing in die administrasie van die inrigting, en na moeikhede wat aangetoon is in verband met die ligging van die sendingstasies, wat voorgestel was, is dit besluit om Spioenkop nie te verwyder nie. Die finansiële probleem is nog nie opgelos nie, en daar moet aandag verleen word aan hierdie sessie, of seer spoedig, om ons opleidingskool op 'n gesonde finansiële basis te stel. Om die inrigting aan te hou op die teenwoordige stelsel sou onbillik wees teenoor die administrasie, die raad, en die veld.

Daar is 'n paar aanmoedigende gevalle in verband met Spioenkop. Vandat Broeder Hanson oorgeneem het, is daar meer leerlinge. Verlede jaar was die, wat dagskool bygewoon het, driemaal soveel, en die getal leerlinge het vermeerder met 17%. Van die getal was meer as 50 in die oefeningsklasse. Die prinsipaal se rapport vir 1936 het getoon dat meer as 50% van die leerlinge van nie-Adventiste huise kom terwyl 12 verskillende genootskappe verteenwoordig was. Baie van die skoliere is van die Rand, en dit het dit moeiliker gemaak veral in dissipline, kos, en onverskilligheid teenoor godsdiens. Nogtans is 15 laaste jaar gedoopt.

Goeie Hoop Inrigting

Tenspyte van ons geringe voorsiening is aanmoedigende vooruitgang gemaak te Goeie Hoop. Daar was meer as tweemaal soveel studente in 1936 as die vorige jaar. Die geringe getal nog in die seniorklas behoort vermeerder te word. In vergelyking met 106 as beginners was daar maar 14 in die seniorskool. Die inwoningsvoorsiening is nog nie bevredigend nie, en gebrek aan fondse verbied ons om die gewenste program uit te voer.

Kantoor Hoofkwartiere

Die Uniekantoor is tweemaal verplaas gedurende die periode. Ons is nou in ons vyfde woning sinds ons na Bloemfontein gekom het, en die agste sinds 1923. Van tyd tot tyd het die Uitvoerende Raad in oorweging geneem om haar eie kantoorgebou te besit, maar tot dusver het dit nog nie gebeur nie.

Probleme

Evangelisasie en die onderhou van 'n staf van werkers, bekwaam om die behoefte te voorsien van beide konferensies en sendingvelde is ons groot probleem. In die sendingveld is daar te min werkers om die miljoene te waarsku. Behoeftes is daar ook aan wonings en kerkgeboue waar ons werk reeds gevestig is.

In ons Naturelle werk is daar 'n ander toestand wat ons affekteer. Onlangs het die regering 'n proklamasie uitgevaardig,

dat naturelle, wat in dele woon, wat nie afgemeet is nie, dit alleenlik kan gebruik vir bewoningsdoeleindes. Die wat nie hieraan voldoen nie, sal verwyder word. Kort daarna het 'n naturel wat in een van die terreine woon, waar ons 'n kerk en 'n skool het, gelas dat as beide nie gesluit word nie, sy voorreg om daar te woon, hom ontnem sou word. Daar was geen opsie hiervoor gemaak nie, ons het ook ander gevalle. Aangesien kerke en skole nie nader as vyf myl van mekaar mag opgerig word nie, en ook geen opening meer oop is nie, weet ons nie wat ons moet doen nie. Die regulasie verbied ook die opslaan van 'n tent op privaate eiendom. Die enigste oplossing sover skyn om eiendom te koop op dorpsgronde naby dig-bewoonde dele en dit vir skole en kerke te gebruik, maar dit sal baie kos.

Terwyl ons omstandighede hersien, mag ons goed nadink oor ons behoeftes in tydelike dinge. Groot soos die is, tog is dit nog nie ons grootste behoefte nie. In hierdie ernstige tyd gevoel ons dat ons eerste behoefte behoort te wees om besied te wees met die doel en die krag vir die taak wat voor ons is. Meer en meer gevoel ons dat hoe sterk ons ook in getal mag wees, ons kragteloos is sonder Gods krag. Die planne wat die konferensie mag hê, en ook die uitvoering daarvan, sal nie slaag tensy ons gelei word in doel en daad om dit uit te voer in die heiligmaking van die alom teenwoordigheid van die Gees van die lewende God. Vir die teenwoordigheid van Sy Gees in al die werkinge van die konferensie en vir Sy bestuur in die lewens van al ons lede is ons bede.

A. FLOYD TARR.



Het dit al Ooit by U Opgekom dat —

DAAR gedurende 1936 meer as 187,000 *Signs* en *Tekens* verkoop en weggegee is in die afdeling van die Suid-Afrikaanse Divisie? Beseu u dat hierdie duisende boodskap-gevalde tydskrifte tenminste 1,000,000 preke gelewer het verlede jaar? Waarlik, Gods Woord sal nie ledig tot Hom wederkeer nie, want daar sal ongetwyfeld siele gered word as gevolg van die werk van hierdie boodskappers.

Slegs agt-en-tagtig jaar gelede het Sewendags Adventiste hulle eerste sendingblad gedruk, *The Present Truth*. Hierdie tydskrif is begin as gevolg van 'n dringende getuigenis van Mev. E. G. White. Sy het gesê:

„Julle moet 'n begin maak om 'n blad te druk en uit te stuur na die mense. Hy kan maar eers klein wees, maar as die mense lees sal hulle u van die nodige middele vir die drukpers voorsien, en dit sal van die staanspoor af suksesvol wees. Dit is my getoon dat van hierdie klein begin daar nog strale van lig oor die hele wêreld sal skyn.”—*Life Sketches*,” bls. 125.

Dank God vir daardie bemoedigende getuigenis! Dank God vir die wonderbar

vervulling wat die verbygaande jare gebring het. Van daardie klein begin agt-en-tagtig jaar gelede het ons drukpers uitgebrei totdat ons vandag leesstof verskaf in 171 tale in 62 drukkerie oor die hele wêreld. Het ons groter bewys as dit nodig, dat God, en nie 'n mens, hierdie beweging lei nie?

Ons is vermaan dat „Die wêreld moet die lig van die waarheid ontvang deur 'n evangeliserende bediening van die Woord in ons boeke en tydskrifte.”—*„Testimonies,” Deel IX, blss. 61, 62.*

Maar ons boeke en tydskrifte kan nie self uitgaan en hulle onder die mense versprei nie. Dit is die werk van die lewende boodskapper. Vir almal wat nou, op hierdie elfde uur, ledig op die markplein staan, sê die Meester: „Gaan werk vandag in my wingerd.” Let op hierdie aanhaling:

„Daar is baie wat kan help om ons tydskrifte te verkoop. Die Here roep *almal* om te probeer om verloregeande siele te red.” Almal wat die kennis van hierdie waarheid ontvang het, word verwag om daardie kennis aan andere mee te deel. Daar is geen beter manier om dit te doen as om die *Signs* en *Tekens* te versprei nie. Ouderling Watson, vroeër president van die Algemene Konferensie, sê: „Van al die middele wat ons in ons wêreldafdeling gebruik het om siele te win, is dit moontlik dat niks ander soveel sukses bygedra het, as die leesstof wat gedurende die jare uitgegee is nie.”

Nou kom die vraag, wat doen u om ons waarheidvolle tydskrifte in ons omgewing te versprei? As u nog nie gereeld elke maand 'n bundel *Signs* of *Tekens* vir sendingdoeleindes kry nie, plaas dan asseblief dadelik u bestelling by u plaaslike kerk se sendingsekretaris. Die *Tekens* kos maar net 1½d per kopie as dit in klompe na u kerkadres gestuur word.

As ons nou ons plig getrou betrag, sal ons die welluidende stem van die Meester van die oes, as Hy kom, hoor sê: „Mooi so, goeie en getroue slaaf.” Ek wil daardie woorde hoor, en u?

J. N. KRUM, *Sirkulasie Bestuurder, Tekens van die Tye en Gesondheidsbode.*



'n Oproep tot Heiligheid

MEV. E. G. WHITE

(Vervolg)

Laat die trotse gees hom in ootmoed nêrby. Laat die verharde hart verbreek word. Moenie langer vir self jammer wees nie. Aanskou Hom wat vir ons sondes deurbour was. Aanskou Hom hoedat Hy Homself stap vir stap verneder het, sodat Hy ons kon ophef; Hy het Homself verneder totdat Hy nie verder kon nie, en dit alles net om ons wat in die sonde geval het te red! Hoekom wil ons dan so gevoelloos, so koud, so vol vormdiens, so hoogmoedig, en so selfvoldaan wees?

Wie van ons volg in die voetstaptes van ons Voorbeeld? Wie van ons het die stryd teen die hoogmoed in ons hart aangeknop?

Wie is daar van ons wat in alle erns worstel met die selfsugtigheid in ons hart totdat ons dit uitgedryf het, sodat dit nie meer in die lewe geopenbaar word nie? Mag die Here dit so beskik dat die lesse wat ons geleer het terwyl ons die kruis van Christus aanskou het, so op ons harte mag ingebrand word dat daar groter nederigheid, meer selfverloëning, meer vriendelikheid teenoor mekaar, minder selfsug, minder kritiek, en groter gewilligheid om mekaar se laste te dra, by ons sal aangekweek word as wat daar vandag is.

Daar was aan my getoon dat ons, as 'n volk, afdwaal van die eenvoud van die geloof en die reinheid van die evangelie. Vele verkeer in groot gevaar. As hulle nie tot inkeer kom nie, sal hulle van die Ware Wynstok afgesny word, as nuttelose ranke. Broeders en susters, daar is aan my gewys dat ons op die randjie van die ewigheid staan. By elke stap moet daar oorwinnings behaal word. Elke goeie daad is 'n saadjie wat gesaai is om vrugte tot die ewige lewe voort te bring. Elk sukses wat behaal word, plaas ons op 'n hoër sport van die leer van vooruitgang, en besorg aan ons geestelike krag vir verdere oorwinnings. Elke regte handeling berei die weg voor vir nog meer sulke dade.

Die genadetyd van sommige word afgesluit; en is alles wel met hulle? Is hulle voorberei vir die lewe hiernamaals? Sal die boeke in hulle geval nie miskien verspeelde kansse en verwaarloosde voorregte en 'n lewe van selfsug en wêreldgesindheid openbaar nie, en 'n lewe wat geen vrugte tot verheerliking van God afgewerp het nie? En hoeveel van die werk wat die Meester aan ons toevertrou het, is nog onverrig? Orals rondom ons is daar siele wat moet gewaarsku word; maar hoe dikwels was die tyd nie aan self bestee nie, en is siele die ewigheid in, ongewaarsku en ongered?

Die Here koester nog genade teenoor ons. Daar is nog kans vir berou en bekering. Ons mag nog die geliefdes van God word. Ek versoek julle wat die koms van die Here vertraag het, om dadelik te begin om die tyd uit te koop. Ondersoek die woord van God. Laat almal 'n gelofte aan die Here maak om ydele praatjies, alle ydele en nuttelose boeke weg te doen; en om gedurende die volgende jaar die Bybel ernstig en biddend te ondersoek sodat hulle in staat sal wees om in ootmoed en vrees rekenenskap te gee van die hoop wat in hulle is. Sal u nie, sonder verwyl, u harte voor die aangesig van God verootmoedig, en u bekeer van u afvalligheid nie?

Maar net 'n paar weke gelede was ek op die randjie van die dood, en was ek amper die ewigheid in. As dit die Here behaag om my weer te herstel van my huidige swakke toestand, hoop ek om, in die genade en krag wat van omhoog kom, met alle getrouheid die woorde te spreek wat Hy aan my gee om te openbaar. My ganse lewe deur was dit nog altyd baie swaar vir my om die gevoelens van enigen seer te maak, of deur die getuïnisse wat

God aan my gee, te wys op die selfbedrog wat daar heers. Dit druis teen my natuur in. Dit veroorsaak baie pyn en slapelose nagte. . . . Ek sal die woorde van die Here neem en aan die volk oordra. Ek verwag nie dat almal die teregwydings sal aanneem en hul lewens sal hervorm nie; maar ek moet desnietemin my pligte vervul. Ek sal nederig voor God wandel, en my werk doen vir die tyd en die ewigheid.

Al meer en meer voel ek die groot verlies wat ons mense ly deur die lig te verwerp wat God aan hulle gee.

My broeders slaan ag op die bestraffing en die raad van die waagagtige Getuie, en God sal vir u en met u werk. U vyande mag sterk en vasberade wees, maar iemand wat magtiger is, is u helper. Laat die lig skyn, en dit sal sy werk doen. Die Here van die Leërskaie is met ons; die God van Jakob is ons toevlug.

S. O. A. Unie

H. M. Sparrow — Superintendent
Mej. G. P. Fortner — Sekr.-Tes.
Bus 51, Blantyre, Niasaland

Matandani Roep

E. B. JEWELL

DIKWELS wens ons dat ons radio boodskappe kon uitsaai en opvang. Die enigste manier egter waardeur ons boodskappe kan stuur, is deur middel van ons posjong. Dit neem hom vier dae om die reis tussen Blantyre en Matandani af te lê.

In gevalle van nood, of waar ons dadelik 'n antwoord wil hê, sou dit baie lekker wees, soos u kan sien, as ons kon inluister of uitsaai.

Maar ons is darem baie beter af as voorheen in die begin, want ons het nou 'n pad wat in alle soorte weer kan gebruik word, en ons kan Blantyre binne vier uur bereik. In vorige jare was ons baie keer deur die Shire Rivier voorgekeer, maar hierdie jaar is daar 'n brug gebou, en al is die rivier ook vol kan ons maklik deur. As ons dink aan die vervoermiddels van die ou dae, dan is ons baie dankbaar vir ons moderne vervoermiddels.

Ons stasie het hierdie jaar mooi vordering gemaak. Die werk in die binnekant van die kerk is nou klaar. Vir geruime tyd was daar behoefte aan 'n eetkamer vir die jong kaffertjies, en hierdie jaar het ons 'n gebou vir daardie doel opgerig, en ons sal dit ook gedurende die studie-uur gebruik.

Ons skoolkursus het hierdie jaar 'n standaard bygekry, en ons sal die leerlinge nou 'n jaar langer hou voordat ons hulle na die opleidingsinrigting op Malamulo stuur.

Ons skool vir meidjies wat verlede jaar gestig is, het mooi gevorder, en dit word nou gereedlik deur die natuurlike aanvaar as 'n deel van ons gereëde werk; eers was hulle bra huiwerig om die meidjies na 'n

koskool, weg van die huis af te stuur. Mens kan groot verbeterings by die meidjies bespeur wat betref netheid, gehoorsaamheid, en 'n algemene bereidwilligheid om hulleself te verbeter.

'n Ander belangrike fase van ons werk, is die werk onder die naturelle vrouens, wat bestaan in huishoud en tuisverpleging klasse eenmaal per week. Hoewel dit vir hulle 'n nuwigheid is, sal ons ongetwyfeld later die goeie gevolge daarvan sien. Die nuutste aankomeling op die stasie is 'n baba, wat ons goeie geleentheid aanbied vir onderrig in die kindersynklas.

Ek meen ons het hierdie jaar een van die beste groepe studente wat ons nog ooit gehad het. Daar is 'n baie goeie gees onder hulle. Ons trag om hulle ook 'n praktiese opleiding te gee, en sommige van hulle kan al goed messel- en houtwerk doen.

Ons het probeer om gebedshuise te stig op plekke waar daar belangstelling en nuwe bekeerlinge is. Ons het ook sommige van die ou statskole heropen.

Ons kolporteur is baie suksesvol met sy boeke. Hy skyn welkom te wees orals waar hy gaan.

By ons apteek kry ons te doen met moeilike en ernstige gevalle, behalwe nog die gewone siektes. Die Here het ook hierdie werk ryklik geseën, en baie het hulp ontvang.

Daar is nog baie wat ons hierdie jaar wou doen, maar as 'n groep werkers hoop ons om aanstaande jaar op Matandani, met die krag en hulp van God, nog meer as ooit tevore te doen ter uitbreiding van die evangelie onder hierdie aangename volk onder wie ons arbeid.



Wie is Wie in die Leesstofbediening

No. 12.—Mev. I. Sergel

AGT siele gewin vir hierdie geseënde boodskap, 'n aansienlike getal groot subskripsie boeke, 'n paar honderd boeke van die Krisisreeks, en duisende eksemplare van die *Tekens* verkoop, sowel as etlike honderde intekenare verwerf vir daardie blad, is die rekord van 'n tengerige suster, wat maar net in haar spaartyd werk en dikwels in siekte, vir 'n tydperk van vyf jaar.

Suster Sergel se werk in die leesstofbediening het begin as gevolg van haar begeerte om leesstof te verskaf vir die kindergarten en primêre afdelings van die Sabbatskooltjie in Kingwilliamstown. Om die nodige fondse te verkry, het Suster Sergel begin as 'n spaar-tyd kolporteur in Queens-town, en haar profyt aan die Kingwilliamstown Sabbatskoolfondse toegeken. Hier het sy die geseënde vreugde gesmaak om haar eerste siel vir die koninkryk te red.

GEDURENDE die volgende jare het sy soveel gewerk as haar swakke gezondheid haar toegelaat het, en altyd noukeurig waggehou om enige teken van belangstelling te bespeur in diegene aan wie sy boeke of blaie verkoop het. Die ure wat sy in

Bybelbesprekinge deurgebring het is ontelbaar, behalwe in die hemel se verslagboek — en geen oë behalwe die van die Meester, het gesien hoeveel maal sy ernstig gepleit het vir siele op die grens van bekering.

Met 'n liefde vir siele afkomstig van die hemel, 'n lewende geloof in God en 'n vaste vertroue in Sy alwyse leiding, het sy voortgewerk sonder gedagte aan aardse beloning, tevrede alleen met die voorreg om 'n werklike deel in die wingerd hier te hê, en die geseende hoop om eendag die vrug van haar arbeid in die nuutgemaakte aarde te ontmoet. Werklik, dit is 'n voorbeeld wat baie van ons kan volg!



Gesondheidsprogram Deur die Wêreldkonferensie Aangeneem

(Vervolg)

Besluite van die Herfsvergadering
Gehou op Fort Worth, Texas, V. S. A
21-28 Okt. 1936

„Wanneer die derde-engel-boodskap in al sy volheid aanvaar word, sal gesondheidshervorming sy regmatige plek inneem in die konferensies, in die werk van die kerk, tuis, aan tafel, en in al die huislike aangeleenthede.”—*Testimonies to the Church*, Deel. VI, bls. 227.

Ons voel oortuig dat daar sommige is wat in die verlede nie aan die onderrig gehoor gegee het nie. Ons waardeer die trou wat aan die onderrig bewys is deur baie van ons getroue broeders en susters. Ook weet ons dat die meerderheid van ons werkers aan die beginsels getrou is. Met leedwese verneem ons egter, dat party nog nie ten volle hulle verantwoordelikheid as leiers en voorbeelde in die kerk besef het in verband met die gesondheidsbeginsels nie. Ons glo dat die tyd nou aanbreek het om die gesondheidsbeginsels toe te pas in elke leier en kerklidmaat se lewe — soos die Here verlang.

Daarom het ons, die afgevaardigdes van die Sewende-dag Adventiste Kerk na hierdie Herfskonferensie, die hoogste agting vir die gesondheidsbeginsels wat aan dié kerk gegee is. Ons beveel aan dat ons leiers en gelowiges oor die hele wêreld hierdie beginsels van harte ondersteun en goedkeur.

Dit sou natuurlik onmoontlik wees om op al die besonderhede in te gaan, want dit handel oor die voedsel wat ons eet, die lug wat ons inasem, oor rus en oefening, oor die gebruik van water om te drink en in te bad en siektes mee te behandel, oor ons kleredrag, ons huise en omgewing, oor die gebruik van verdowingsmiddelle, oor die voorbereiding van die voedsel en 'n gebalanseerde diëet, oor die gemoedstoestand en sy invloed op die liggaam, en oor details te veel om hier op te noem.

Ons glo dat die diëet-vraagstuk belangrik is en vanweë die gevaar aan vleis

verbonde, raai ons ons werkers ten sterkste aan om waar doenlik en veral waar 'n nie-vlees diëet verkrygbaar is, hulle voedsel uit die nie-vlees voedingstowwe te kies. Net in uitsonderlike gevalle kan vlees gebruik word as 'n noodhulp.

Ons werkers behoort ons gesondheidsbeginsels net so sterk soos enige ander fase van die teenwoordige waarheid aan die kerk van Christus voor te dra. Deur hulle eie voorbeeld moet hulle die lidmate van die kerk kan trek om gewillige gehoorsaamheid te skenk aan die onderrig wat ons ontvang het. Elke individu behoort die beginsels in sy eie Christelike lewe getrou na te kom en hulle dan met 'n grootmoedige gees in sy broeders te bejeën. Ons doen 'n beroep op elke werker in die wêreld om hom te vereenselwig met die hoë en heilige doel.



'n Paar Indrukke van die Bloemfonteinse Kampvergadering

„Hoe mooi is jou tente, o Jakob,
jou wonings, o Israel!”

AL was dit nie ons voorreg om al die vergaderings by te woon nie, het die paar wat ons wel bygewoon het ons siele so verkwik, dat die bo-staande woorde onwillekeurig in ons gedagte opkom.

Dit was baie aangenaam om weer ons broeders en susters te ontmoet en nog eens die gesigte te sien wat so dierbaar is; om weer die stem van Ouderling W. H. Branson 'n kragtige evangelieboodskap van redding in Christus te hoor gee; om die duidelike waarheidsboodskappe in die woorde van Ouderlinge Wright, Detwiler en andere te hoor.

Die Heer het waarlik hierdie Adventboodskap geseën met sterke leierskap; manne en vroue wat die respek van die wêreld afdwing. Selfs vreemdelinge wat terloops die kamp besoek het, het dit opgemerk.

Ek skryf dit nie om hulle te vlei nie, daar ek nie tuis is in vleitaaal nie; maar om hulle aan te moedig, en almal nuwe moed te gee om te staan by die boodskap en sy leiers. Van die duisende wat Gideon gretig gevolg het, was slegs drie honderd betroubare volgelinge van sy leierskap. Mag die Heer ons help om netso getrou as Gideon en sy volgelinge te wees.

Ons jeug, veral, sal voor moeilikhede en versoekinge te staan kom soos ons ouers nooit van gedroom het nie. En wat is beter in staat om hulle te help om die oorwinning te behaal as die opregte toewyding en gemeenskap bewys op die gronde van die kampvergadering in Bloemfontein?

Selfs die weer, wat vir 'n paar dae ongunstig was, kon nie die mense wat daar kom aanbied het, neerslagtig maak nie. Hulle het krag vir hulle siele gevind. Die groot tent wat, soos ek verneem het, sewe honderd mense hou, was vol, en elke vergadering was goed bygewoon.

'n Spesiale woordjie van waardering kom die verversingsafdeling toe. Niteenstaande die reën en ander hindernisse het Mev. Honey en haar helpers ons goed bedien.

Waarlik, dit was aangenaam om daar te wees. Ons het skoorvoetend daarvandaan vertrek.

Voor ons vertrek na Europa, bied ons al ons broeders en susters vaarwel, en ons bede is dat die goeie hand van die Here oor hulle en ons mag wees, solank as ons van mekaar geskei is.

oud. en mev. A. BOEKHOUT.



Die Uniekampvergadering

Die Unie kampvergadering is nou net gesluit met 'n stroom van seënninge. Waarlik, die Here het Sy volk besoek met die uitstorting van Sy Heilige Gees in die onvergeetlike toewydingsdiens tydens die laaste Sabbatmôre. Eers het ons ons harte gegee, en toe £700 gegee of beloop as 'n dankoffer vir die uitbreiding van Sy werk.

Op die openingsdag het ons mense van alle dele van die Unie in Bloemfontein ingestroom. Die Plekbesprekingskomitee het 'n swaar probleem gehad om mee te sukkel. Op die gronde was daar sommige aangesigte wat besorgd gelyk het terwyl die volk van God hulle bes gedoen het om in alle haas die voorbereidings vir die vergadering te voltooi.

Hoe het die tyd nie gevlieg nie, maar gewillige harte en ywerige hande het alles klaargemaak vir die fees. Gelukkige gesigte het oral gestraal van vreugde en plesier toe die Sabbat van God aangebreek het, met watter geleentheid die grootste byeenkoms gesien was, wat nog ooit 'n kampvergadering in die Unie van Suid-Afrika gekenmerk het.

Die drie-paal tent was propvol vir Sabbatskool, waar die program pragtig afgehandel is onder leiding van Leraar L. L. Moffitt. Die sendingofferandes vir twee Sabbatte het meer as £106 bedra.

'n Bemoedigende kenmerk van hierdie sessie was die uitstekende bywoning van al die besigheidsvergaderinge. Ons liewe mense het so 'n innige belang in die verrigtinge gestel, dat daar 'n gesonde uitbreiding en 'n heldere toekoms vir die werk van God kan verwag word. Die rapport van die benoemingskomitee het algemene goedkeuring weggedra, en algemene vertroue in die leierskap is aan die dag gelê, daar die aftredende offisiere herkies is.

Ouderling Tarr en sy mede-arbeiders kan verseker wees van die gebede van Gods volk in hulle tragting om wyslik en goed die werk van God uit te brei.

Die hulpvaardige, inspirerende preke, en onderhandelinge deur ons oorsese broeders gelewer is hoogs waardeer, en het grote seënninge en hernude krag aan die harte van ons dierbare mense besorg. Dit het waarlik soos die goeie outyd gelyk toe Ouderling Branson ons langs die grasige weide van Gods Woord gelei het. Ouderling H. J. Detwiler het 'n groot plek in

ons harte gekry deur sy opbeurende en opheffende boodskappe. Ouderling J. F. Wright het raad en moed gebring vir die komitees sowel as die gemeente. Iedere aand is daar roerende, hart-ondersoekende boodskappe gelewer, gebaseer op die grondbeginsels van ons geloof aan groot gehore deur ons grootste evangeliste. Elke vergadering was deurtrek van belangstelling, en die kwaai reënbuie het slegs daartoe bygedra om die byeenkomste gereëlder en beter bygwoon te maak.

Die ou kleintjies het baie aangename en leersame ure deurgebring in hulle tent onder toesig van Mev. Hermann Ficker. Die Junior- en Seniorstrewersvereniginge is behandel volgens hulle behoeftes, en elke jongmens het 'n ooreenkoms geteken om ôf hulle oorgawe aan God te bevestig ôf hulle harte vir die eerste keer aan Hom oor te gee.

Volgens die opmerkinge wat ons gehoor het terwyl ons gewag het om 'n plek by een van die baie tafels te kry, skyn dit of Suster Honey haarself oortref het in die voorbereiding van heerlike gesondheidsvoedsel.

En nou is alles verby. Die hartlike handdrukke en vaarwelle is dinge van die verlede. Ons mense is terug, geseën deur God en vernu in gees, na hulle huise en kerke oor die lengte en breedte van die land versprei. Die kampvergadering is verby maar nie vergete nie. Ons sien met verlange uit na die volgende. F. G. CLIFFORD, *Victoria Park, Bloemfontein.*

Doodsberig

WALLIS.—Met grote droefheid en leed moet ons die afsterwing van ons vriend en broeder Christiaan Ludolf Wallis, bekend maak. Hy was slegs 37 jaar en 11 maande oud, en so in die fleur van sy dae is die lewe afgesny.

Hy was Sersant in die S. A. Polisie, en had 'twintig jaar van on-besproke diens. Sy offisiere wat oor hom was, en die manskappe wat onder hom gedien het, spreek grote lof van sy gedrag, en Christelike houding wat hy getoon het gedurende die lang dienstryd.

Dit is duidelik dat daar vir hom 'n hoë roeping was, want daadlik toe hy God's laaste boodskap verneem het, onder die bearbeiding van Broeder D. A. de Beer, het hy nie geaarsel om hom daarmee te vereenselwig nie. Die wat met hom persoonlik bekend was het uitgesien na die dag, wanneer hy as 'n skynende lig sy lewe sou toewy aan die diens van sy Here en Meester.

Ons verstaan nie waarom sy lewe juis hier moes afgesny word nie, maar die Here self het gesê, "Wat Ek doen, begryp julle nou nie maar julle sal dit hierna verstaan." Maar daar is groot troos in die woorde, „Kostelik is in die oë van die Here die dood van Sy gunsgenote.”

Hy laat na 'n weduwe en vier jong kin-

dertjies, om sy heengaan te betreur. Die familiebetrekkings, en ons almal, treur saam met hulle, maar nie soos die wat geen hoop het nie. (1 Thess. 4: 13-18.)

By die graf is 'n groot skaar van belangstellendes wat hulle laaste eer aan die oorledene betoon het, deur die skrywer toespreek. Daar is klem gelê op die gedagte van 'n weersien, en ons pligte teenoor mekaar terwyl ons nog in hierdie tyd is. Mnr. Scott die vader van Suster Wallis, het getuig van die oorledene se voorbeeldige lewe, en Ds. Pienaar, het op die noodsaaklikheid daarvan gewys om die Christen se wapenrusting aan te doen.

Ons verseker ons suster van onse innige simpatie, in hierdie tyd van sware beproewing, en ons sal haar voor die genadetroon in onse gebede opdra.

P. A. VENTER.

Obituary

TARR.—Martha Ann Tarr (nee Purdon) was born in the Bathurst district of the Cape Province on August 12, 1845, and fell asleep in Jesus, March 22, 1937, at the ripe age of 91 years.

She was united in marriage in 1862 to the late James Henry Tarr, and this union was blessed with sixteen children, of whom ten survive to mourn the passing of their aged and well-loved mother. Our late sister, with her husband and family, accepted present truth in 1887, under the labours of Elders D. F. Tarr and I. J. Hankins and continued true to her decision until she fell asleep.

Her life was one of singular sweetness and purity, and it was a privilege to come under its influence. The testimony of her life was largely instrumental in influencing her children for Christ and the truth. It was felt by many lives outside of her own family circle. She was truly a mother in Israel, and her passing has left another gap in the thinning ranks of our South African pioneer believers.

Her last illness lasted for two months, and its tedium was lightened by the tender and loving ministrations of her daughters, daughters-in-law and grand-daughter. She was sustained by her bright faith in the Lord and the hope of His soon coming. Of her we may truly say that she died in the love of the truth and with the sure and certain hope of a part in the first resurrection.

Her loss is mourned by her ten surviving children, twenty-one grand-children and nine great-grand-children, as well as by many relatives and friends. A goodly number of the residents of Cathcart district were present to pay their last respects to the deceased, and to manifest sympathy with the mourners. It was my privilege to speak words of comfort and hope to those assembled on this occasion, and to point them to the day of Jesus' return.

G. S. STEVENSON.

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

D. A. WEBSTER Editor.
Miss L. M. KLEINERT Asst. Editor.
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright President.
C. W. Bozarth Treas. and Auditor.
M. P. Robison Secy. and Ed. Secy.
L. L. Moffitt M. V. Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge Medical Secy.
F. E. Potter H. M. and Field Miss. Secy.
L. L. Moffitt Religious Liberty Secy.

Kaapse Konferensie

W. H. Hurlow President
Mej. P. E. Willmore, Sek.-Tes.
Bus 508, Port Elizabeth, K. P.

Doopdiens te Beaufort Wes

A. C. LE BUTT

Die skrywer het 'n uiters genotvolle naweek op Beaufort Wes deurgebring in verband met die doop van diegene wat die waarheid aangeneem het as gevolg van Broeder Hermann Ficker se poging in daardie dorp.

Die Sabbat is in Beaufort Wes deurgebring, en buite 'n waarlik lewendige Sabbatskool, is daar nog twee preekdienste op dieselfde dag gehou.

Vroeg Sondagmore het 'n hele lorrievrag van ons na 'n plaas vyf-en-dertig myl van die dorp, gery, waar twee dienste gehou is, en waar ons 'n doopsbediening waargeneem het en ook die Avondmaal van die Heer gevier het. Dit was 'n geseënde tyd, en die stemme van baie is gehoor in getuienis vir die Here Wie so goed gewees het.

Sewe persone is gedoop, waarvan vyf van die bogenoemde plaas afkomstig was. Dit is interessant om te hoor op hoe 'n manier hierdie vyf die waarheid gehoor het.

Broeder Ficker en sy mede-werksters, Mev. Stevenson en haar dogter (nou Mev. Swanepoel van Johannesburg) het 'n moeilike tyd in die dorp deurgemaak. Die teenstand was so gruwelik, dat hierdie werkers besluit het om die adresse van al die boere in die distrik te verkry en die goeie boekie „Error Exposed” vir hulle te stuur.

Dit het hulle gedoen, en een van hierdie boekies het op die plaas „Platjiesrivier” aangeland. Hoewel hierdie goeie mense amper nie kon Engels verstaan nie, het hulle die boek bestudeer, en eef van hulle het dorptoe gegaan om die sender op te spoor. Nadat hy baie navraaggedoen, en baie afjakke gekry het, het hy eindelijk by

Broeder Ficker gekom. Besprekings is gereel, met die gevolg dat hierdie familie van vyf die waarheid aangeneem het. Op hulle beurt arbei hulle onder die mense in hulle distrik, en die waarheid skyn in daardie deel.

Hierdie Afrikaanse gesin is goed voorsien met leesstof in hulle moedertaal. Hulle is goed gegroond in die Advent geloof en verheug hulle in die boodskap vir hierdie dae.

Laat ons die Heer vra om die lig te laat uitbrei in daardie ongewing sodat baie ander ook mag gereed word en hulle in die waarheid mag verby.

Some Impressions From the Bloemfontein Camp-meeting

“How goodly are thy tents, O Jacob!
and thy tabernacles, O Israel!”

ALTHOUGH it was not our privilege to attend all the meetings, yet the few we did attend so satisfied our souls that involuntarily the above words came to mind.

It was good to meet with our brethren and sisters and to see again faces that are dear; to hear once more the voice of Elder W. H. Branson giving out a strong gospel message of salvation in Christ; to listen to the clearly defined messages of truth from the lips of Elders Wright, Detwiler, and others.

Surely the Lord has blessed this advent church with strong leadership; men and women who command respect in the world. Even strangers who casually visited the camp remarked upon this.

I do not write this by way of flattery, which is foreign to me, but by way of encouragement, so that we may all take heart and stand by the message and its leadership. Of the thousands that eagerly followed Gideon, only three hundred were dependable followers of his leadership. May the Lord help us to be as faithful as Gideon and his followers.

Our youth, especially, will face difficulties and trials such as we older ones never dreamed of. And what could lead them on to victory better than the true devotion and fellowship manifested on the grounds of the camp-meeting in Bloemfontein?

Even the weather, which for a few days was adverse, could not dampen the spirit of those who had come to worship. They found strength for their souls. The big tent which, I was told, holds seven hundred people was filled and every meeting well attended.

A special word of appreciation is due to the catering department. Notwithstanding the rain and other obstacles Mrs. Honey and her helpers served us well.

Surely it was good to be there. We came away with great reluctance.

Before sailing for Europe, we bid all of our brethren and friends farewell, praying that the good hand of the Lord may be over them and us while we are absent one from the other.

ELDER AND MRS. A. BOEKHOUT

General News Notes

WORD comes from Johannesburg to the effect that Elder Ingle's daughter is very ill in hospital. Let us remember Patsy in our prayers before the throne of grace.

OUR heartfelt sympathy is extended to Mr. and Mrs. Dickson of Bethlehem in the tragic death of their ten-year-old daughter. May the Lord comfort the bereaved.

DOCTOR ELTON MOREL and family and Brother H. L. Ferguson and his family are booked to sail on the S. S. “Duilio” leaving Cape Town on April 23. These workers are proceeding to the States on well-earned furloughs.

ON April 10 Elder and Mrs. A. Boekhout sailed for Holland on the S. S. “Bloemfontein.” After spending several months in Europe they plan to return to sunny South Africa. We wish them the Lord's blessing and trust that this trip will be beneficial to them in every way.

Situation Wanted

By Seventh-day Adventist (married), many years motor and garage experience. Understands all makes of cars, lorries and tractors. Excellent testimonial from garage owner where last employed. Would also consider a partnership in a good, paying garage in a country town. Can invest small capital. Apply: L. V. Shone, P. O. Buxton, Cape.

Word of Thanks

I DESIRE to thank all brethren and sisters in the church, also all kind friends, for their sympathetic expressions and kindnesses to me during the trying hours following the decease of my late sister, Miss Charlotte Dixie. It has been a comfort to know that others “feel” with us in the cloudy days of life. Especially do I desire to thank Dr. A. N. Tonge, Elder A. W. Staples, and Brother P. W. Willmore for their help and support through this time. May God bless you all and keep you faithful to the end.

M. J. DIXIE.

Wanted Urgently

ATLANTIC Union College, South Lancaster, Massachusetts, desires to complete certain files of our denominational periodicals. Are there any members of the Southern African Division who would care to donate or sell their collections of the SOUTHERN AFRICAN DIVISION OUTLOOK, or any other periodicals, pamphlets and books that Seventh-day Adventists have ever published? Write to the Librarian, E. Malcolm Hause, South Lancaster, Massachusetts, U. S. A.